e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

18 Oktober 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 37

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kan ons alles in die sosiale media ernstig neem?

Ons samelewing aanvaar algemeen dat dit van deurslaggewende belang is vir enige organisasie om op die sosiale media sigbaar te wees, anders bestaan die organisasie eenvoudig nie in die bewussyn van mense nie. Daarom het ons Kerk ook 'n Facebook-blad wat enersyds dien as 'n bykomstige kommunikasiekanaal, en andersyds as 'n gespreksruimte waar lidmate van die Kerk en ander kan saampraat oor aktuele kerksake.

Daar is dikwels kommentare in die sosiale media soos Twitter en Facebook wat die lesers daarvan ontstel, soms met reg. Soms, egter, is daar hewige reaksie deur oningeligte deelnemers. Veral op kerklike Facebook-bladsye word *feite* dikwels die wêreld ingestuur wat lidmate erg kan omkrap. Hoe kan ingeligte opinies van enkelinge se menings of selfs kwaadwillige bewerings onderskei word? Is daar 'n manier om die koring van die kaf te skei? 'n Paar eenvoudige vrae mag dalk help.

Hoe geloofwaardig is die bewerings of *feite*?
Soms is die *feite* wat vir die waarheid aangebied word, opsigtelik onwaar. Ander bewerings mag op die oog af redelik en waar klink, maar as dit krities ondersoek word, blyk dit soms dat persone buite konteks aangehaal word, of dat feite skeefgetrek word, of dat *feite* soms gefabriseer word om 'n argument of siening te staaf. Dit bring ons vanself by die volgende vraag.

Is die bewerings bewese en geverifieer?
Voordat enige bewering wat gemaak word as evangelie aanvaar word, behoort dit bevestig te word. Ons behoort dus te vra of die bewering getoets is, deur wie en waaraan. Dit is belangrik dat die bevestiging uit 'n onafhanklike oord kom, en nie net 'n klakkelose herhaling van ongetoetste bewerings is nie.

Word argumente volgens aanvaarde reëls van logika en debatvoering gestel?
Debatte op Facebook is dikwels emosioneel van aard en nie rasioneel nie. In stede daarvan dat 'n standpunt beredeneer word, ontaard gesprekke in persoonlike aanvalle. Swak argumente word ondersteun deur aanvalle op die persoon van diegene wat anders dink.

Facebook-kommentators is ook geneig om na 'n bekende persoon se opinies te verwys om hul argumente te ondersteun. Weer eens behoort hierdie sogenaamde gesagsfigure se kennis, insig en verwysingsraamwerk krities in oënskou geneem te word. Selfs mense wat gesag afdwing se opinie is nie noodwendig korrek nie.

Die gebruik van strooipopargumente is nog 'n tegniek wat deur kommentators ingespan word. Die opponent se argument word eers skeefgetrek en dan ongenadiglik aangeval. Die kommentare op strooipopargumente spreek boekdele en is gewoonlik vir niemand heilsaam nie.

Hoe geloofwaardig is die outeur?
Almal se opinie word deur sy of haar eie maatskaplike, politieke en ideologiese verwysingsraamwerk beïnvloed, ook dié van gelowiges. Ons mag dus vra deur watter bril 'n skrywer kyk, en wat sy of haar motivering of agenda is. Ons mag vra of die skrywer dikwels soortgelyke stellings maak. Ons mag wonder oor die skrywer se teologiese kennis, en ons mag vra of die skrywe se styl en aanslag die vrugte van geloof weerspieël.

Hoe wyd word die standpunt gehuldig?
Sommige mense maak gereeld wilde stellings. Maar hoeveel mense deel dieselfde mening? En wat sê kerklike vergaderings, wat is die besluite van die vergaderings van die ampte wat die uiteenlopende opinies oorweeg en geweeg het? Wat sê ander gelowiges, ook buite ons eie Kerk?

Die sosiale media bied wel nuwe ruimtes om inligting te bekom en menings te vorm, maar plasings in die sosiale media behoort krities geëvalueer te word voordat ons 'n opinie daaroor vorm. Dit geld natuurlik ook hierdie artikel!

Dave Lizamore, Philadelphia

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Hendrina** in Mpumalanga beskik tans oor **'n vakante deelsorg/ deeltydse standplaas** (afhangende van die kandidaat). Die kerkraad het die proses begin om 'n beroep uit te bring. Enige belangstellende predikant of proponent kan 'n CV **voor 20 Oktober 2012** stuur aan die skriba, Johan Beetge, by **hendrinameule@vodamail.co.za**, of aan die kassier, Wessel Swart, by **WSwart@roshcon.co.za**. Die kerkraad is egter nie verplig om vir enige van die aansoekers 'n beroep aan te bied nie.

- **Gemeente Randfontein Midpark** beskik oor 'n **vakante voltydse standplaas** en beplan om eersdaags te beroep. Die gemeente bestaan uit 380 belydende lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van sowat 45 jaar. Daar is begroot vir 'n traktement volgens skaal tot 8 jaar. Predikante wat belangstel, word genooi om **voor 31 Oktober 2012** met die skriba, mev Hester Esterhuizen, by 011 692 3236, of ds Wilhelm Steyn by 012 348 2932 in verbinding te tree. Die gemeente behou die reg voor om enige predikant van die Kerk te beroep, en is nie verplig om net uit die persone wat met die gemeente geskakel het, 'n keuse te maak nie.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed aan **produksie@nhk.co.za**.

Dr Frans Boshoff

- Emerituspredikant **dr Frans Boshoff** het onlangs 'n knievervangingsoperasie ondergaan. Ons bid dr Boshoff algehele en spoedige herstel toe.

- Op Vrydagmiddag 12 Oktober het die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en die dosente van die Fakulteit Teologie** aan UP 'n **konstruktiewe gesprek** gevoer oor die teologiese opleiding en die vryheid van die eksegeet. As inleiding tot die gesprek het prof Ernest van Eck 'n opsomming voorgehou van die advies wat prof Ben Engelbrecht presies 50 jaar gelede (1962) aan die destydse Kommissie van die AKV gegee het ten tye van die Geyser-saak. Ds Dries Beukes het namens dr Daan van Wyk (jr) inleidende opmerkings gemaak oor die Kerk se verwagtings van die teologiese opleiding, waarna die gesprek spontaan en in 'n goeie gees plaasgevind het. Die Kommissie en dosente was dit eens dat sulke geleenthede meer gereeld in die toekoms moet plaasvind.

Gesprek met dosente van die Fakulteit Teologie

- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** bied op **Woensdag 31 Oktober om 19:00** 'n gratis **openbare lesing** aan waartydens **prof Andries van Aarde** oor sy veelbesproke boek *Fatherless in Galilee* praat. Hy sal verduidelik waarom die boek geskryf is, en onder meer praat oor insigte wat Jesus-studies oor die afgelope 200 jaar opgelewer het vir nadenke oor onderwerpe soos Jesus en die kerk, Jesus en die nasie, Jesus en die publiek, en Jesus en die universiteit. Die gesprek vind plaas in die Teologiegebou, lokaal 1-25. Belangstellendes kan dr Christo van der Merwe by **christo.vandermerwe@up.ac.za** kontak vir meer inligting. Daar is ook 'n inleidende artikel van ds Ockie van Schalkwyk oor hierdie onderwerp op die webblad van *Die Hervormer* by **http://hervormer.co.za/gesprek/**.

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige boekjaar van die **Bybelgenootskap** op **31 Oktober** sluit. Bydraes aan die Bybelgenootskap moet die Bybelgenootskap dus **voor 31 Oktober** bereik om in die verslae aan die

ringsvergaderings en AKV van 2013 gereflekteer te kan word. A**lle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes asseblief direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum **en nie** aan enige ander Streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul eie donateursnommer (soos wat dit in die gereelde finansiële state verskyn) as verwysing gebruik. **Let asseblief daarop dat daar nuwe nommers toegeken is aan 'n aantal gemeentes wat voorheen vanuit Bloemfontein bedien is maar in Gauteng, Mpumalanga of Noordwes geleë is. Moet asseblief nie die ou nommers gebruik nie**. Die BSA se **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekening nommer 260 220 748. Bevestig alle inbetalings per faks by 011 970 2506, of per e-pos aan **nortje@biblesociety.co.za**. Die **bydraemikpunt** vir vanjaar is steeds **R35** per belydende lidmaat.

- Die **Bybelgenootskap van Namibië** se finansiële boekjaar sluit op **31 Desember**. Gemeentes in die **ring van Dorsland** word vriendelik versoek om hul bydraes aan die Bybelgenootskap **teen einde Desember** oor te betaal. Die deurkollektes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetaal word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die AKV is R35 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekening nommer 113 125 2201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur 'n e-pos aan **gensec@nambible.org.na**.

- Die **besonderhede** van **Gemeente Carolina** het vanaf 1 Oktober soos volg verander: Die sekretariële beampte en kassier is mev Bets Froneman. Kantoorure is Woensdae 09:00 tot 13:00 en Donderdae 12:00 tot 16:00. Die telefoon- en faksnommer is 017 843 2172, en die selfoonnommer 083 727 1723. Die gemeente se e-posadres wysig na **nhkcarolina.kerkkantoor@gmail.com**. Die skriba is nou mnr Nollie de Beer, selnommer 083 264 5424 en e-pos dieselfde as die gemeente s'n.

- **NHSV: Beurse en lenings vir 2013.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by die nuwe webadres, naamlik **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro-forma dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2012**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.**

- **Gemeentes** moet hul **bestellings vir die kerklike tydskrifte** asseblief **teen 1 November** aan mev Susann van Zyl stuur by **sentik@nhk.co.za** of faks 086 633 4054. Die pryse vir 2013 is soos volg: *Konteks* 10 uitgawes teen R150 (R18 per individuele eksemplaar), *Die Hervormer* 11 uitgawes teen R110 (R12 per individuele eksemplaar), en die *Almanak/Bybelse Dagboek* teen R120.

- **Individue** wat reeds ingeteken is om die **kerklike tydskrifte** te ontvang, moet asseblief aandui of hul intekenings hernu moet word. Dit sal nie outomaties voortgaan sonder dat u bevestig nie. Kontak mev Van Zyl asseblief **ook voor 1 November** daaroor.

- Talle van die Kerk se **emeriti** wil graag die **kerklike tydskrifte** (*Konteks* en *Die Hervormer*) en die *Almanak/Bybelse Dagboek* ontvang maar kan dit nie bekostig nie. Lesers wat bereid is om 'n **bydrae** te maak sodat die publikasies gratis aan emeriti voorsien kan word, kan hul bydrae inbetaal by die volgende bankrekening: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020-000-287; takkode 632-005; verwysing SENTIK-EM.

- Die besending **Kerkbybels** wat teen net R100 elk beskikbaar was, is **uitverkoop**, maar SENTIK bied nou 'n verdere hoeveelheid aan teen **R140 elk** (posgeld uitgesluit), solank die voorraad hou. Vanaf 1 Januarie 2013 sal die Kerkbybel weer teen R200 (posgeld uitgesluit) verkoop word. Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- *Die Hervormer* se webportaal ***Teologiese gesprek*** het goeie reaksie uitgelok en heelwat lesers het die eerste drie artikels wat daar geplaas is reeds gelees. Hierdie week is daar 'n artikel van ds Tony Simpson (emerituspredikant, Weltevreden) geplaas, wat aansluit by die artikels van dr Johann Beukes en prof Theuns Dreyer. Ds Simpson se artikel is getitel *Die NHK in die huidige tydsgewrig*, en lesers sal dit vind by **http://hervormer.co.za/gesprek/**. Enigeen wat op die gepubliseerde artikels wil reageer of 'n nuwe bydrae wil voorlê, kan dit aan die redakteur van *Die Hervormer*, dr André Ungerer, stuur, by **sentik@nhk.co.za**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Help bejaardes om alle noodnommers in groot druk by hul telefone vas te plak. Vir meer inligting oor bejaardesorg, kyk gerus by **www.diakens.co.za**.

- **Gemeente Windhoek** benodig 'n Hervormde predikant om op **Sondag 23 Desember, Sondag 30 Desember en Sondag 6 Januarie** in Windhoek te preek. Die predikant kan gratis in die pastorie bly. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nedherv@mweb.com.na**, of ds Frans Ras by **fhras@worldonline.co.za**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Optrede van leerders van Prinshofskool**
  en Transoranje-skool se gebaretaalkoor
  Sondag 28 Oktober om 08:00: Gemeente Midrand
  Navrae aan ds Paula Eksteen-Erasmus by 011 702 3046 of 083 282 5121

- **Gemeente Swartkop: Sondag 28 Oktober: Nagmaaldiens**
  Herdenking van 40-jarige bestaan
  Gelei deur ds David Barnard, lank predikant in die gemeente
  Oudpredikante sal die tafels bedien
  Navrae aan Hannelie Beytell by 012 654 3471 of **nhswkop@telkomsa.net**

- **Gemeente Dullstroom: 2-4 November**
  Viering van 125ste bestaansjaar
  (Gestig 2 November 1887)
  Oudlidmate, oudpredikante en konsulente
  kan foto's/ervarings/gelukwensings stuur
  Almal welkom om saam te kom feesvier
  Navrae aan Johanna Pieterse by 072 116 3353

- **Gemeente Pretoria-Oos: 2-4 November**
  60-jaar-viering
  Alle oudlidmate welkom
  Nagmaal Sondagoggend
  Feeskonsert Sondagmiddag (sien bladsy 7)
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember: Tyd later bekend**
  Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe,
  waar die Gelofte die eerste keer afgelê is
  Kliplegging na die diens
  Almal welkom
  Bring ’n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Oktober, en word hartlik geluk gewens.**

o	Donderdag 18 Oktober:	Di WP Prinsloo (emeritus), Kiewiet van Deventer (Malelane) en Johan van Staden (Sionspoort)
o	Vrydag 19 Oktober:	Ds Hein Kloppers (Krugersdorp-Oos/ Noordrand)
o	Saterdag 20 Oktober:	Ds Gert van Jaarsveld (emeritus)
o	Sondag 21 Oktober:	Ds Jan Grobler (emeritus)
o	Woensdag 24 Oktober:	Ds Johan van Wyk (Rustenburg)
o	Donderdag 25 Oktober:	Prof Eddie Engelbrecht (emeritus) en ds Chris Liebenberg (Waterberg)
o	Vrydag 26 Oktober:	Di Hennie Nel (Potgietersrus) en Skip Scheepers (Middelburg)

Beplande vergaderings

• Vrydag 19 Oktober:	Finkom van die Ondersteuningsraad
• Saterdag 20 Oktober:	NHSV Hoofbestuur
• Dinsdag 23 Oktober:	Koördineringskomitee
	ADV (Kommunikasie)
• Donderdag 25 Oktober:	Raad van Finansies (Begroting)
	Redaksie van *Die Hervormer*
	Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
• Vrydag 26 Oktober:	Raad van Finansies

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Glencoe: Toerustingskursus: Saterdag 20 Oktober**
  Op reis – ’n dienswerkreistas
  Deur ds Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein
  Registrasie 08:00, kursus begin om 09:00
  Koste R60
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

- **Ring van Oos-Kaapland: Predikantewelstand: 23-26 Oktober**
  Wilgerfontein-wildsplaas, Oos-Kaap
  Daarop gerig om ons Kerk se predikante te verryk
  en binne ’n ondersteuningsnetwerk te motiveer
  Navrae aan dr Johan Nel 083 400 0267 of ds Danie Taljard 082 901 2021

- **Gemeente Pretoria: Woensdag 31 Oktober vanaf 09:00**
  39ste Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap
  Tema: *Die Godsbegrip – Reformatoriese perspektiewe*
  Opening deur prof SJ Botha
  Prof IWC van Wyk (AIM): *‘Die eerste gebod en die God van die eerste gebod’ met verwysing na Philipp Melanchthon en Zacharias Ursinus*

Prof CFC Coetzee (Noordwes-Universiteit): *Die Godsbegrip soos dit deur die Heidelbergse Kategismus begrond en bely word*
Ledevergadering 11:30-12:00
Afsluiting 12:00
Uitstalling van gedenkpennings en historiese munte
Navrae aan dr JMG Storm (083 308 1030 / **nhmeyerspark@lantic.net**)
of dr Christo Pretorius (083 651 9634 / **praetorc@telkomsa.net**)

- **Gemeente Montana: Vrouekonferensie**
  Saterdag 3 November 09:00 tot 15:00, registrasie 08:30
  Vrugte van die Gees – hoe leef ek as vrou dit uit?
  Spreker: Belinda Moser van Radio Kansel
  R100 per persoon (verversings en ligte middagete ingesluit)
  Geskenkpakkies en pryse te wen
  Uitstallers se produkte te koop
  Navrae aan Esme Taljaard by 087 802 1109 of **nhkmontana@gmail.com**

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  Dinsdag 6 en Woensdag 7 November
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Verwittig mev Betsie Brits **voor 22 Oktober** van bywoning
  Per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303)
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nommer 020 149 752; kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (Parys)**
  Behuising vir seniorburgers
  Daar is tans die volgende behuising beskikbaar:
  MET VERSORGING
  1 dubbelkamer (verkieslik 'n egpaar) – 24-uur-versorging
  Koste per persoon R5 500 per maand
  (sluit in 3 etes per dag, wasgoed en kamer skoonmaak), opnamefooi R3 000
  SELFVERSORGING
  - A-gang: 1 enkelkamer, R3 050 per maand
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en kamer skoonmaak 1 x per week)
  - B-gang: 1 dubbelkamer (egpaar) – R3 050 per persoon
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week)
  - H-gang: 1 ruim kamer met eie badkamer, stoepie en tuintjie
    (ingesluit middagete) – R3 000 per maand

  Eenmalige opnamefooi van R3 000
  Ondersteunende dienste beskikbaar
  Kontak matrone Alet Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Saterdag 20 Oktober 10:00 tot 19:00: Gemeente Bergsig Musiekfees**
  Sportgronde van Laerskool Mayville, hv Fred Nicholson- en Benitastraat
  Fredi Nest met Etiene de Koker, Venita Engelbrecht, Caroline Bosch, Nantes & Adele en Die Rodeo Girls
  Ingangsfooi met ’n gratis worsbroodjie:
  volwassenes en hoërskoolkinders R100, laerskoolkinders R70
  Coolbox Cover-fooi R100
  Worsbroodjies, hoenderburgers, ribburgers, koeldrank, ens te koop
  Stalletjies te huur: publiek R100 en besighede R200
  Staanplek 3 x 5 (bring eie benodigdhede)
  Kontak Elmarie by 082 377 0747 of Neeltjie by 076 428 8142

- **Vrydag 26 Oktober om 19:00: Gemeente Rooihuiskraal**
  Mathys Roets as deel van gemeente se Dankoffermaand
  Toegang gratis
  Kosverkope vanaf 17:00 by kerkgebou
  hv Konstantyn- en Santiestraat, The Reeds, Centurion
  Plaas asseblief vooraf bestellings vir etes
  Geen plekbesprekings vir die vertoning nie – neem van 18:00 af plekke in
  Navrae aan Erika of Karen by 012 657 1281 (Ma-Vry 09:00-12:30)

- **Sondag 4 November om 16:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Songs of Praise met Richard Cock
  hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloofpark
  Ter viering van gemeente se 60ste bestaansjaar
  Eddie Davey, Pieter van den Berg, Laerskool Constantiapark, Laerskool Pretoria-Oos
  Kaartjies slegs by gemeentelike kerkkantoor beskikbaar
  Skakel 012 460 8441 gedurende kantoorure
  Kontak 012 460 8441 / 072 041 3954 met navrae

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013**
  My nooi is in ’n nartjie, my ouma in kaneel,
  daar’s iemand... iemand in anys,
  daar’s ’n vrou in elke geur!
  Merk jou dagboek: 19-21 April
  Stof af jou gunstelingteekoppie
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 23 November: Gemeente Vaalpark: Gholfdag**
  12de jaar!
  Emfuleni-gholfbaan, Vanderbijlpark
  R1 400 per 4-bal (sluit in baanfooie en aandete)
  Spelers wat onder die eerste 30 eindig (hoogste punte), kwalifiseer vir ’n prys
  Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**
  Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*
  Tema: *In sy voetspore*
  Reëls en voorwaardes geld
  Goeie pryse met professionele beoordeling
  Kontak Theresa Oosthuizen by **theresa@northernfoods.co.za**

- **Gemeente Horison Roodepoort: Naweek van 26-27 Oktober**
  Liturgiese blommeskou by die kerk
  Alle blommerangskikkers word genooi om in te skryf
  Vir meer inligting of ’n inskrywingsvorm, kontak Hannie Cripps by 084 549 4102

- **Gemeente Kampersrus: Vakansiekompetisie**
  Trekking: 27 Oktober
  Wen naweek ter waarde van R28 000
  3 nagte verblyf vir 2 persone in 5-ster Kapama Lodge
  (alle etes asook wildritte ingesluit)
  Olifantritte, lugballonrit, spabehandelinge in hartjie van Bosveld
  Besoek aan Cheetah-projek in Hoedspruit en R2 000 sakgeld
  Kaartjies R100 elk
  Navrae aan ds Marius Kramer by 083 310 6042
  of by gemeentelike kerkkantoor **kampersrus@nhk.co.za**

Basaars en markte

- **Vrydag 26 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Piet Potgieter op Potgietersrus**
  Jaarlikse Kersmark
  Unieke Kersgeskenke en ’n middag- en aandete
  Gebak en speletjies vir die kinders
  Skakel Anna by 084 580 7050

- **Vrydag 26 en Saterdag 27 Oktober: Gemeente Witfield in Boksburg**
  Basaar
  Vrydag vanaf 16:00
  Proe-aand van wildsvleis, R20 per bord
  Raai reg en wen ’n blesbok
  Saterdag van 09:00 tot 13:00
  Al die gewone lekkernye
  Skyfskietkompetisie, tombola, bingo, Fantasia Models
  Swartwitpens Jagtersvereniging: aanbieding oor wapenveiligheid
  Vendusie: skryf Pa in om ’n koek te versier
  Navrae aan Adri Nel by 011 826 5978 of 084 200 1027

- **Saterdag 27 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Bosveld Kontreifees
  09:00 tot 17:00
  Verskeie uitstallers, kosstalletjies, pret vir kinders, potjiekoskompetisie
  Mnr & Mej Kontreifees
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong om 14:00
  Toegang R10 per persoon
  Kontak ds Anneline Geyer by 082 924 7344

- **Vrydag 2 November: Gemeente Benoryn: Kers-nagmark**
  17:00 tot 21:00
  hv Struben- en De Miststraat, Rynfield, Benoni (langs Linmed-hospitaal)
  Pannekoeke, boereworsrolle, vetkoeke, kerrie-en-rys, skaappotjie
  (bestel vooraf vir die potjie)
  Koop al jou Kersversierings en geskenke by ons!
  Kinders kom gooi jul briefies vir Kersvader in ons posbus
  Kom geniet aand onder die sterre
  Navrae en kosbestellings aan ds Marlize Gasson by 072 117 0317
  of 011 849 1179

- **Saterdag 3 November: Gemeente Koster: Kersmark**
  Op kerkterrein in Sauerstraat, Koster
  Van 08:00 tot na middagete
  Sanger Henry van Dyk
  Genoeg te koop in verskillende prysklasse
  Geskenke: lekkernye, juwele, naaldwerkitems, skilderye,
  versierings vir binne en buite die huis, Persiese matte, speelgoed,
  u spesiale foto met u naam se betekenis daarby,
  drukwerk op hemde of koffiebekers, borduurwerk, handsakke, serpe...
  Vleistafel met kwaliteit en billike pryse
  Al die tradisionele eet- en drinkgoed
  Middagete: skaap op die spit met slaai en varsgebakte brood
  Teetuin heeldag beskikbaar, volop parkering
  Navrae aan dr Elmie Castleman by 014 566 1447

- **Saterdag 3 November en elke eerste Saterdag van die maand daarna Gemeente Rustenburg: Gesinsmark**
  09:00 tot 15:00
  By tweede kerkterrein te Rhenosterfontein, buite Rustenburg
  Slegs handgemaakte produkte, vars produkte uit die grond
  en items wat Trots Suid-Afrikaans is
  Gaskunstenaars, aktiwiteite en stalletjies wat kinders betrek
  Nog enkele stalletjies beskikbaar
  Vir meer besonderhede, kontak Mari by 084 208 7445

ANDER NUUS

- **Oktober = Internasionale Swangerskap- en Babaverlies-bewuswordings-maand.** Alle ouers en families wat 'n swangerskapverlies (miskraam of stilgeboorte) of 'n neonatale babadood ervaar het, kan die Herinneringsdag bywoon om die bestaan van hierdie babas te herdenk – dalk die mees onerkende verlies in ons samelewing!

- **Sondag 28 Oktober om 11:00**
  Wiesenhof Legacy Park (geleë op die R44 net buite Stellenbosch)
  Gasspreker Braam Klopper
  Onthou-staptog, plant 'n Boom van Herinnering en hou piekniek in die natuur
  Toegang gratis
  Vir meer inligting en RSVP: **Luzanne@mymiskraam.co.za**
  of skakel 082 335 3975
  Sien ook **https://www.facebook.com/#!/events/358751610870011/**

- **Sondag 28 Oktober om 12:00**
  Brooklyn Metodistekerk (Botshelo House), Murraystraat 209, Brooklyn
  Klein intieme seremonie waartydens 'n Boom van Herinnering geplant word ter herinnering aan die babas
  Toegang gratis
  Gesamentlike inisiatief van The Compassionate Friends (Pretoria), Sonja Smith Begrafnisgroep en Butterfly Moms
  Vir meer inligting en RSVP: **retha7@gmail.com** of **leial.dewet@gmail.com**
  of skakel 0820511563
  Sien ook **https://www.facebook.com/#!/events/235155129945392/**

- **VAKATURES VIR ONDERWYSPOSTE**
  Privaatskool met 210 leerlinge
  100 km noord vanaf Polokwane, Alldays-rigting
  1. Onderwyser in Engels (Tweede Taal) grade 8-12
  2. Onderwyser in Wiskunde
     Basiese onderwyskwalifikasies – Wiskunde vir graad 12

  Aanvangsdatum: Januarie 2013
  Posvereistes:
  - Erkende onderwyskwalifikasie noodsaaklik; matriekondervinding sal voordeel wees
  - Bewese ondervinding in aanbieding van die vakke
  - Beginselvaste, belydende lidmaat van een van dié 4 Kerke: Hervormd, Gereformeerd, NG, APK
  - Getuigskrif van predikant
  - Onderrig in Afrikaans

  Verblyfeenhede op perseel vir gebruik van personeel
  Wanneer alle eenhede vol is, sal ander verblyf gereël word
  Stuur CV en getuigskrif van predikant na **global@workforceworldwide.com**
  Navrae aan Janet Lourens van Workforce Worldwide by 011 532 0000

Transoranje-skool vir Dowes

- **PROJEK SONSKYN.** Transoranje-skool vir Dowes het 'n dowe dogter wat nuwe **gehoorapparate** benodig. Sy ly ook aan 'n ernstige hartdefek. Donasies is reeds ontvang, maar daar kort nog 'n bedrag van R3 420 om haar te help. Donasies kan gestuur word aan die Transoranje Instituut, Posbus 2921, Pretoria 0001, of gedeponeer word in die volgende rekening: **Transoranje Instituut; ABSA; rekening nommer 020 840 145; kode 323 145; verwysing: Gehoorapparaat.** Die doel van Projek Sonskyn is om behoeftige kinders met 'n gestremdheid 'n gelyke kans te bied.

- **KERSMARK**
  23 November tot 2 Desember
  Tshwane Events Centre, Saal L, ingang hek P8 in Kerkstraat
  Gratis toegang, kaartfasiliteite, 300 uitstallers, teetuin
  Fondse ten bate van die kind met doofheid

Beeld-Kinderfonds 2012

- **KOMPETISIE**
  Kaartjies vir die kompetisie om fondse vir die versorging van kinders in te samel, kos **R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Wen ’n motor, ’n seereis, ’n vakansie of kontantpryse. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **KERSKONSERT**
  Woensdag 28 November
  Moreletapark-gemeente
  Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander
  Bespreek by **iTickets.co.za** of per telefoon by 086 100 0291

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.** Adverteerders moet asseblief daarvan kennis neem dat die **laaste uitgawe van die *e-Hervormer* vanjaar op Donderdag 29 November** verskyn, en die **eerste uitgawe van 2013 op Donderdag 17 Januarie**.

AGTERBLAD

Advent – terwyl ons wag

Die November 2012-uitgawe van *Die Hervormer* sal volgende week beskikbaar wees.

Hierdie is die Advent-uitgawe. Advent is die tyd om voor te berei vir die wederkoms – ’n tyd gevul met afwagting, voorbereiding en verlange. Lees wat dr Ananda Geyser-Fouché oor Advent skryf, en volg die teologiese debat verder met dr Johann Beukes se verheldering van begrippe rondom die Hervormde middelgrond. Dr Johan Nel vra in sy oordenking wat dit beteken as dit met ons góéd gaan.

*** Individuele eksemplare van hierdie uitgawe is beskikbaar teen R10 elk (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**. Besoek die webwerf **www.hervormer.co.za** en kry ’n oorsig oor wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx